

# SLINGERVEL



Mei 2018

Christelike maandblad vir die jeug



SLINGERVEL, JAARGANG 59  
 Nommer 998, Mei 2018

**A**s julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇒ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇒ of 'n e-pos te stuur na [slingervel@gksa.co.za](mailto:slingervel@gksa.co.za),
- ⇒ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660



## in hierdie uitgawe ...

- 3 Redakteursbrief
- 4 Verjaardaghoekie
- 8 1 Timoteus 5 en 6 – Blokkiesraaisel
- 9 1 Timoteus 5 en 6 – Woordsoek
- 10 Vroue van die Hervormers (3)
- 11 Die vierde gebod
- 12 Johannes Gutenberg ... die man wat deure oopgemaak het
- 14 Soek die verskille
- 15 Inkleurprent
- 16 Oplossings
- 17 Die Eiffeltoring
- 18 Wat kan ek lees?

REDAKTEUR  
 Dr. Hennie van Wyk  
 e-pos: [hennie@gksa.co.za](mailto:hennie@gksa.co.za)

Tipografie en uitleg  
 Joey Fourie  
 e-pos: [kerkblad@gksa.co.za](mailto:kerkblad@gksa.co.za)

MEDEWERKERS  
 Maryke Coetsee  
 Susan Lourens  
 Oom Hennie  
 Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers  
 Deputate vir Kerklike Tydskrifte  
 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika  
 Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers  
 V & R Drukkery  
 Tel. 012 333 2462  
[ludick@vrprinting.co.za](mailto:ludick@vrprinting.co.za)

Intekening  
 Administratiewe Buro  
 Afdeling Publikasies  
 Posbus 20008, Noordbrug 2522  
 Tel: 018 297 3986

Intekengeld  
 R304,00 per jaar  
 (posgeld en BTW ingesluit)  
 (Sien die intekenvorm op die agterblad vir meer inligting oor intekengeld.)

Die Redakteur  
 Bydraes en briewe  
 Posbus 20008  
 Noordbrug, 2522

Jaargang 59,  
 Nommer 998,  
 Mei 2018  
 ISSN 0037 685 X



# REDAKTEURSBRIEF



Maats,

**B**ôring!!! Dis wat baie van ons maats dink van die erediens. Dis hartseer – veral as ons daaraan dink dat die Here self daar is. Die vraag is: Hoekom is dit bôring? Daar is 'n paar redes:

- Eerstens kan dit wees dat jy nie die dominee verstaan nie. Nou moet ek dadelik sê: Dit is baie moeilik vir 'n dominee om die diep boodskap van die Here so te preek dat almal dit verstaan.
- Tweedens is daar gemeentes wat die kinders uitstuur om iets anders te doen. Sjou – hoekom die kindertjies wegstuur as Jesus sê die kindertjies moet na Hom toe kom?
- Derdens kan dit wees dat 'n mens nie mooi weet waarna jy moet luister nie.

Nou wil ek eers vir julle 'n groot geheim vertel: Die erediens is nie die preek van die dominee nie! Vanaf die oomblik wat die dominee sê: “Ons hulp is ...” het ons as gemeente begin om met die Here te praat. Dan praat die Here ook met ons – en ons moet luister!

- Die eerste ding wat ek wil hê dat julle Sondag moet doen, is om te dink: Wanneer praat ons of die dominee namens ons, en wanneer praat die Here.
- Kom ek help 'n bietjie ... As ons sing, praat ons met die Here.

Wat waar is, is dat sommige van die wysies maar moeilik is, en sommige van die woorde onverstaanbaar.

- Die tweede ding wat julle moet doen, is: Vra die dominee wat julle met die volgende erediens gaan sing. Vat dan jou Psalmboek en lees elke vers. Kyk watter woorde verstaan jy nie. As Mamma of Pappa ook nie mooi weet wat dit beteken nie, vra die dominee om dit te verduidelik as hy dit lees. As jy dit doen, sal jy sien dat die erediens nie meer so baie bôring is nie.
- Die laaste ding wat ek wil hê jy moet doen, is om te probeer uitvind wat die Here vir jou wil sê. Elke dominee, voor hy 'n preek maak, vra vir die Here wat hy nou vir die gemeente moet sê. Die Here lei hom deur die Heilige Gees om 'n boodskap vir daardie Sondag te bring. Daar is 'n boodskap vir elkeen wat in die kerk sit. Ons moet dit net hoor en luister.

Maats, ek hoop regtig dat die bôring van die kerk nou die beste uur van die week word!

Groetnis.





# 1 Timoteus 5 en 6

Maats,

Kom ons lees verder in die brief van Paulus aan 'n jong dominee met die naam Timoteus. Vul die blokkiesraaisel in nadat jy dit gelees het. Skryf jou antwoorde neer en soek hulle in die Woordsoek! Kyk op BLADSY 16 vir die oplossings




## DWARS

1. Neem dit teen 'n ouderling net aan op die getuienis van twee of drie
  4. 'n Kenmerk van 'n jong weduwee
  6. Só volhard die weduwee wat werklik alleen agtergelaat is
  7. Timoteus moet hierna strewe
  8. 'n Weduwee wat só lewe, is dood, al leef sy
  9. Die gevolg van beheptheid met twisvrae en stryery
  12. 'n Kenmerk van 'n jong weduwee
  14. Wees tevrede as jy dit het
  16. Die rykes moet hiervoor oppas
  17. Vermaan die jonger vrou soos hierdie familie
  19. Versorg hulle wat werklik alleen agtergelaat is
  20. Bestraf die verkeerde dinge so – dit skrik ander af
  22. Vermaan die ouer vrou soos hierdie familielid
  24. Minimum ouderdom vir 'n dienende weduwee
  27. Vermaan die ouer man soos hierdie familielid
  28. Eienskap van iemand wat nie by die gesonde woord van die Here hou nie
- AF
2. Alle vermanings moet hierdie eienskap hê
  3. Die wortel van alle kwaad
  5. Só volhard die weduwee wat werklik alleen agtergelaat is
  10. As jy met hom dors, mag sy bek nie toegebind wees nie
  11. Paulus beveel Timoteus voor hierdie engele om gehoorsaam te wees
  13. Vermaan die jongers mans soos hierdie familie
  15. Hy is geregtig op sy loon
  16. Iemand wat hulle nie versorg nie, is slegter as 'n ongelowige
  18. Gee soveel erkenning aan 'n ouderling wat goeie leiding gee
  21. 'n Kenmerk van 'n jong weduwee
  23. Die gevolg van beheptheid met twisvrae en stryery
  24. Moenie 'n ouer man só tereg wys nie
  25. Wees tevrede as jy dit het
  26. Party jong weduwees het agter hom afgewys.

P	R	A	A	T	S	I	E	K	I	L	N	E	P	O	K
G	E	L	D	G	I	E	R	I	G	H	E	I	D	J	E
G	R	E	D	E	O	M	S	J	B	R	O	E	R	S	I
I	E	G	N	I	G	I	D	L	U	K	S	E	B	L	S
T	L	J	S	I	S	K	V	G	G	L	R	G	Y	S	I
T	K	G	D	H	S	A	D	N	I	E	T	S	U	D	E
A	U	I	K	I	F	E	I	N	D	T	E	J	I	S	O
P	I	T	S	O	E	K	G	I	A	E	S	E	I	V	M
S	T	R	R	S	E	H	E	S	W	A	H	E	N	A	E
T	V	A	A	M	U	B	M	U	I	R	W	E	S	D	B
I	E	H	S	F	R	S	D	A	A	U	D	R	G	E	Y
U	R	G	S	A	G	E	T	A	A	E	H	I	E	R	P
S	K	O	K	B	W	U	B	E	B	S	D	S	V	V	J
I	O	O	E	R	F	R	N	E	R	E	N	A	T	A	S
W	R	H	R	E	E	B	G	S	L	S	P	I	S	O	K
T	E	L	P	E	E	L	E	B	B	U	D	M	M	G	K

# Woordsoek





# Die vierde gebod



Sondag. Wat maak ons op Sondag? Wat van ons vriende?

Die meeste van ons wonder wat moet ons op Sondag doen. Miskien nie. Van die meeste vrae wat ek nog gekry het, is: "Dominee, mag ek op Sondag swem?" "Mag ek op Sondag krieket of rugby speel?" "Mag ek op Sondag mall toe gaan?" En nog 'n 100 ander dinge: "Mag ek op Sondag ...?"

Weet julle, dan kry ons nog 'n ander argument wat dit makliker maak om op Sondag te doen net wat ons wil. "In die Bybel se tyd was die Sabbat op Saterdag, nie Sondag nie. Die dag is nie belangrik nie!"

As ons die wet lees in Eksodus 20 en Deuteronomium 5, sien ons twee redes waarom ons die Sabbat moet hou:


- In Eksodus 20 word die rede gegee dat God op die sewende dag gerus het, en dat die volk daarom die dag reg moet deurbring.
- In Deuteronomium 5 word die verlossing uit Egipte as rede vir die regte deurbring van die dag gegee.

Wat sê dit vir ons? Die Here het vir ons 'n dag gegee wat ons as verlostes só moet deurbring dat God geëer word. Die Heidelbergse Kategismus gee 'n hele lys van dinge wat ons op dié dag moet en kan doen.

Natuurlik is dit belangrik dat ons ons afspraak met die Here nakom. Elke Sondag spreek Hy die seën oor ons uit. Ons hoor hoe daar uit die Bybel gelees word, en sing heerlik tot eer van die Here. Die Woord word ook verklaar en toegepas vir vandag.



Die res van die dag? Ek gaan nie vir julle 'n klomp mag-nies en moenies gee nie. Wat duidelik is, is dat die Here die opdrag gee om te werk. Ses dae werk sodat ons kan leef en iets vir die minderbevoorregtes kan gee.

Een dag in die week – maak nie saak of dit Saterdag, Sondag of Dinsdag is nie – doen jy nie werk wat tot jou voordeel is nie, maar wat God eer en sy kerk bevoordeel.<sup>SV</sup>



# Soek die verskille

Daar is 7  
verskille  
tussen  
hierdie 2  
prente ...



Sien die  
oplossing op  
bladsy 16



# OPLOSSINGS

